**SESSIE 3. Geloof in die vroeë kerk (c. 100-400 nC)**



Tydens verlede week se sessie, waarin ons aandag gegee het aan wat gelowiges net na die uitstorting van die Heilige Gees aan geglo het, het ons ander andere by die volgende uitgekom.


- **Diversiteit en verskille.** Die eerste generasie gelowiges was nie so eenvormig soos wat ons dikwels aanneem nie. Hulle lewensverhale getuig van intriges en onverwagte uitkomste soos wat die Heilige Gees met verskillende mense in verskillende kontekste 'n pad gestap het. Die storie van die vroeë kerk was van die begin 'n verhaal van groei en verandering waarin gelowiges altyd moes onderskei tussen wat wesenlik is.
- **'n Eenvormige belydenis.** Te midde van die groot diversiteit, was gelowiges se geloof gegrond in die eenvoudige belydenis: "Jesus Christus is die Here" en "die Here is opgestaan". Jesus se geboorte, sterwe, opstanding en teenwoordigheid deur die Heilige Gees het hulle nie net tot 'n besondere belydenis nie, maar tot 'n besondere manier van lewe geïnspireer (mense van die weg). Die nagmaal/liefdesmaal was van die begin 'n praktiese uitdrukking van hulle geloof in God, maar ook hulle verbintenis om met 'n kenmerkende styl van lewe saam met ander te leef.
- **Die outentieke kerk.** Ons doel behoort nie te wees om na 'n outentieke kerk van die verlede terug te keer nie. Eerder om uit die getuienisse van vroeë gelowiges te leer, sodat ons ook vandag met dieselfde geloof op 'n outentieke wyse nader aan God en mekaar kan groei.

**'n Nuwe era vir Christene en die kerk (100 – 500 nC). Die Bybel en die ou kerklike simbole**

> *"Laat ons nie stilstaan by die eerste dinge wat aangaande Christus verkondig word nie, maar verder gaan na die volle inhoud van die boodskap. Ons wil nie opnuut die fondament lê deur te praat oor 'n leefwyse wat tot die dood lei nie, of oor geloof in God, die leer van die doop en die handoplegging, die opstanding van die dooies en die ewige oordeel nie. Ons sal dus verder gaan as God dit toelaat".* Hebreërs 6:1-2

Die Brief van Hebreërs verteenwoordig 'n nuwe fase van geloof waarin ons tot vandag toe leef. Hulle was deel van 'n tweede generasie Joodse gelowiges wat Jesus, nie soos die generasie voor hulle, persoonlik gesien of geken het nie. Aan hulle word die uitdaging dan gerig om verder in geloof te groei.

Lees die teksgedeelte in Hebr. 6:1-2. Wat wou die skrywer hier tuisbring? Wat sê die gedeelte vir jou oor jou eie geloof?





In die jaar 70 nC is Jerusalem, na jare van Joodse opstande, deur die Romeine ingeneem. Die tempel is vernietig en die stad is letterlik oorgebou. Jerusalem was nou 'n Romeinse stad wat voortaan as *Aelia Capitolina*, sou bekendstaan. Al die Jode en Christene is uit die stad verban en moes hulle elders gaan vestig. In hierdie tyd skuif die fokus van die Christendom weg van Jerusalem na Klein-Asië en Europa. 'n Mens moet onthou dat teen 70 nC al die vername Apostels 'n marteldood gelei het. Johannes is die enigstes Apostel waarvan ons

weet wat aan natuurlike oorsake oorlede is (sy graf is in Efese in Turkye). Die Nuwe Testament waaruit ons vandag lees bevat die getuienisse van 'n eerste generasie gelowiges. Dokumente wat daarna ontstaan het is dus nie daarin ingelsuit nie.

In hierdie sessie volg ons die kerk en gelowiges se storie tussen c. 100 – 325 nC. Ons gaan veral aandag gee aan twee bewegings. Hou in gedagte dat Christendom baie anders gelyk het as vandag. Hulle het nog nie soos ons vandag 'n Bybel gehad wat as opsoming gedien het vir die inhoud van hulle geloof nie. Daar was ook nog nie groot kerke soos vandag nie. Gelowiges het in die geheim in huise en grotte (katakombes) bymekaargekom.

1) Van buite is Christene deur die Romeinse vervolg. Omdat die Romeinse ryk die Christene as bedreiging gesien het vir die voortbestaan van die ryk is lidmaatskap met die dood gestraf. In die midde van hierdie vervolgings het die kerk agter 'n tyd van dramatiese groei beleef! Dink vir 'n oomblik oor die implikasies hiervan vir vandag.



Jerusalem

Gemeentes in die 2de eeu wat aan ons bekend is

Gemeentes in die 1ste eeu

Gemeentes wat teen die einde van die 3de eeu gestig was

2) Van binne het die kerk verskil oor Jesus se identiteit en hoe oor God gedink moet word. Dit is juis in die lig hiervan dat die Bybel en sekere Belydenisskrifte opgestel is.

**Die lewensverhale van prominente gelowiges in die vroeë kerk**

Die vervolging van Christene en verskillende opinies oor Christus kom veral sterk na vore in die lewensverhale van prominente gelowiges van die tyd. Daar word na hulle verwys as die Ou kerkvaders (van hulle was dissipels van die apostels). Lees kortliks meer oor hulle in die uittreksels aan die einde van die sessie. Hulle verhale help ons om dieper insig te kry in uitdagings waarvoor gelowiges in hierdie tyd te staan gekom het en hoe die Heilige Gees hulle daardeur gelei het.

**Ons glo! Die storie van die Bybel en eerste belydenisdokumente.**

Soos genoem het die eerste generasie gelowiges nie 'n amptelike belydenis dokument gehad waarin hulle geloof verantwoord het nie. Die belydenis, "**Jesus is die Heer"** en **"die Here het waarlik uit die dood opgestaan"** was die kern van wat hulle bely het. Hulle het ook nog nie 'n Bybel soos ons gehad om as raamwerk te dien van die inhoud van hulle geleef nie, maar deur liedere en gebede uitdrukking gegee aan hulle geloof in God die Vader, Seun en Heilige Gees (Rom. 4:24, 10:9-10, 1 Kor. 8:6 en 15:3-4, Fil. 2:6-11, 1 Tes. 1:9-10, I Tim. 2:5-6 en 3:16). Lees ook Matt. 28:19 en 2 Kor. 13:13. Die behoefte om hulleself beter te organiseer het tot die ontstaan van die *Didache* (c 100 nC) aanleiding gegee (die kerk se eerste leerboek/kategismus wat net nie in die Bybel opgeneem is nie).

In die omgewing van 150 nC is die ***Symbolicum Romanum*** in Rome saamgestel wat op 'n kort en eenvoudige manier uitdrukking gegee het waarin gelowiges in Rome geglo het op grond van Matteus 28:19. Die Apostoliese Geloofsbelydenis wat in die omgewing van 390 nC saamgestel is was 'n uitbreiding hierop.

In die tyd het 'n teologiese stroom, bekend as die Gnostisisme[1], 'n baie prominente rol in gelowiges se godsdienstige denke en ervaringe gespeel (lees meer daarvan in die uittreksel later in die sessie) waarin Marcion, 'n gelowige wat omstreeks 140 in Rome aangekom het 'n groot invloed gehad. Vir Marcion was dit moeilik om die streng en ver God in die Ou Testament met die genadige Jesus te versoen. Onder die invloed van die Gnostisisme het Marcion die standpunt gehuldig dat die God van die Ou Testament dus anders is as Jesus Christus. Marcion het onder andere ook beweer dat Jesus nie uit 'n vrou gebore is nie, maar uit die niet skielik as volwassene in Kapernaum verskyn het. Die Apostoliese geloofsbelydenis maak daarom pertinent melding dat Christus uit die maagd Maria gebore is.

Marcion was van die vroegste wat 'n lys van boeke vir die opstelling van 'n Nuwe Testament voorgestel het (*Muratori*) . Alhoewel sy leringe verwerp is was hy instrumenteel in die proses wat eindelik gelei het tot die samestelling van die Bybel. Sien die uittreksel waarin die proses van die opstelling van die Nuwe Testament uiteengesit word. In Clementius van Rome se geskrifte (95 nC) word gepraat van 'n lys van ten minste 8 boeke wat in kerke gesirkuleer is. Ignatius van Antiochië (115 nC) maak melding van 7 boeke terwyl Polikarpus (dissipels van die apostel Johannes) in 108 nC melding maak van 15 boeke. Teen 185 nC maak Iranaeus melding van 21 boeke.

By die sinode van Laodicea in 363 nC is die Ou Testament saam met 26 Nuwe Testament boeke as gesaghebbend aanvaar om tydens dienste gelees te word. 'n Mens moet egter in gedagte hou dat selfs in hierdie tyd nie al hierdie boeke in een enkele volume as "die Bybel" verskyn het nie. Dit het uit los kodekse bestaan wat tussen gemeentes gesirkuleer is. Die Oudste volledige weergawe van 'n Ou Testament waarop die Bybel gebaseer is dateer uit 1008 nC (Kodeks Leningradensis).




[1] Hierdie leer binne die Christendom het 'n groot aantal navolgers gehad. Hulle geskrifte is eers in 1945 in die dorpie Nag Hammadi in Egipte ontdek.

# Marcion

H. Dermot McDonald

Marcion is in Sinope by Pontus aan die Swart See gebore as die seun van 'n biskop. Hy het omstreeks 140 in Rome aangekom en dadelik onder die invloed van die Gnostiese prediker Cerdo beland. Cerdo het geglo dat die God van die Ou Testament anders is as die God en Vader van Jesus Christus. Die God van die Ou Testament was onkenbaar, maar laasgenoemde is geopenbaar. Die voorgenoemde het bloot geregtigheid versinnebeeld, terwyl die God van die Nuwe Testament liefdevol en genadig is.

Marcion het die belangrikste verkondiger van dié opvatting geword, maar ook sy eie kenmerkende sienswyses daarby gevoeg. Sy verdraaide weergawe van die Christelike boodskap is sterk weerlê deur die gemeente in Rome, en Marcion is in 144 uit die kerk gesit.

Justinus die Martelaar het beweer dat Marcion deur die duiwel self bygestaan is om godslastering te pleeg en te ontken dat God die skepper van die heelal is. Tertullianus, wat omstreeks 207 die geskrif *Teen Marcion* die lig laat sien het, het hom as 'n gevaarlike vyand van die ware Christelike leer beskou.

**Marcion se opvattinge**

Marcion het voortgebou op Cerdo se skeiding tussen die God van die Ou en die Nuwe Testament. Volgens hom was die God van die Ou Testament wesentlik wraaksugtig en die aanstigter van die bose. Dié God was slegs begaan oor die Joodse volk en was bereid om alle ander volke ter wille van hulle uit te roei. In teenstelling daarmee was die God van die Nuwe Testament vir Marcion 'n God van genade en liefde vir almal, wat homself geopenbaar het in Jesus Christus, sy Seun.

Marcion het beweer dat Christus nie uit 'n vrou gebore is nie, maar in 29 uit die niet as 'n volwasse man in die sinagoge in Kapernaüm verskyn het. Hy was soos geen ander mens nie, behalwe in voorkoms; hy was 'n nuwe skepsel op die aarde. Marcion se siening van Christus het dus ooreengestem met dié van die Docetiste. Hoewel hy Christus se lewe en kruisiging as noodsaaklik vir die verlossing beskou het, het hy ook geglo dat Christus se menslike ervaringe en lyding blote skyn was, nie werklikheid nie. Aangesien die skepping nie die daad van die goeie God van die Nuwe Testament was nie, moes die Christen die wêreld verwerp. Die liggaam moes ook verwerp word, omdat die siel en die gees al was wat gered word. Gevolglik het Marcion ook die opstanding van die vlees verwerp.

Vanweë sy geloof dat die God van die Ou Testament net die Jode begunstig het, het Marcion die hele Ou Testament en ook die geskrifte in die Nuwe Testament wat na sy mening te Joods van aard was, verwerp (o.m. Matthéüs, Markus, Handelinge en Hebreërs). Alles in die oorblywende deel van die Nuwe Testament wat met sy eie siening strydig was, het hy ook verwerp, insluitend die herderlike briewe (1 en 2 Timothéüs en Titus). Hy het net 'n verminkte weergawe van die Evangelie van Lukas behou (die geboorteverhaal is weggelaat), saam met tien briewe van Paulus. Hy het geglo dat Paulus die enigste apostel was wat nie die Evangelie van Jesus vervals het nie.

Die Marcioniete het hul eie gemeentes, geskoei op ortodokse lees, gestig. Hulle het hul eie kerkorde en rituele gehad. So het hulle bv. by die Nagmaal nie wyn gebruik nie, vanweë hul sterk klem op 'n asketiese lewenshouding. Party van die Marcioniete se opvattinge het na Gnostiese sektes deurgesypel, en die Marcioniete self is op hul beurt ook deur Gnostiese sieninge beïnvloed. Hul opvattinge het deur die hele Italië versprei en so ver as Arabië, Armenië en Egipte. In die Ooste het hulle 'n paar dekades lank heelwat invloed gehad. Dit is bekend dat daar tot in die 4de eeu 'n paar Marcionitiese dorpies naby Damaskus bestaan het.

# Die vroeë kerk erken die Nuwe Testament

**100 n.C.**

*Alle datums is benaderd*

Verskillende dele van die Nuwe Testament was teen hierdie tyd al geskryf, maar nog nie byeengebring en as "Skrif" gedefinieer nie. Vroeë Christelike skrywers (o.a. Polikarpus en Ignatius) haal aan uit die Evangelies en Paulus se briewe, asook uit ander Christelike geskrifte en mondelinge bronne.

Paulus se briewe is laat in die 1ste eeu byeengebring. Matthéüs, Markus en Lukas is omstreeks 150 saamgevoeg.

**200 n.C.**

**Die Nuwe Testament soos gebruik deur die kerk in Rome**
(die *Canon Muratori*)
Die vier Evangelies
Handelinge
Paulus se briewe:
Romeine
1 en 2 Korinthiërs
Galasiërs
Efesiërs
Filippense
Kolossense
1 en 2 Timothéüs
Titus
Filemon

Jakobus

1 en 2 Johannes
Judas
Die Openbaring van Johannes
Die Openbaring van Petrus
Die Wysheid van Salomo

**Om in private, maar nie openbare, aanbidding gebruik te word**

Die Herder van Hermas

**250 n.C.**

**Die Nuwe Testament soos gebruik deur Origenes**

Die vier Evangelies
Handelinge
Paulus se briewe:
Romeine
1 en 2 Korinthiërs
Galasiërs
Efesiërs
Filippense
Kolossense
1 en 2 Thessalonicense
1 en 2 Timothéüs
Titus
Filemon

1 Petrus
1 Johannes

Die Openbaring van Johannes

**Omstrede**
Hebreërs
Jakobus
2 Petrus
2 en 3 Johannes
Judas
Die Herder van Hermas
Brief van Barnabas
Onderrig van die twaalf apostels
Evangelie van die Hebreërs

**300 n.C.**

**Die Nuwe Testament soos gebruik deur Eusebius**

Die vier Evangelies
Handelinge
Paulus se briewe:
Romeine
1 en 2 Korinthiërs
Galasiërs
Efesiërs
Filippense
Kolossense
1 en 2 Thessalonicense
1 en 2 Timothéüs
Titus
Filemon

1 Petrus
1 Johannes

Die Openbaring van Johannes (onsekerheid oor outeurskap)

**Omstrede maar baie bekend**
Jakobus
2 Petrus
2 en 3 Johannes
Judas
**Moet uitgelaat word**
Die Herder van Hermas
Brief van Barnabas
Evangelie van die Hebreërs
Die Openbaring van Petrus
Die Handelinge van Petrus
Didache

**400 n.C.**


**Die Nuwe Testament soos vir die Weste deur die Konsilie van Carthago aanvaar**

Die vier Evangelies
Handelinge
Paulus se briewe:
Romeine
1 en 2 Korinthiërs
Galasiërs
Efesiërs
Filippense
Kolossense
1 en 2 Thessalonicense
1 en 2 Timothéüs
Titus
Filemon
Hebreërs
Jakobus
1 en 2 Petrus
1, 2 en 3 Johannes
Judas
Openbaring



'n Deel van die laaste hoofstuk van die Evangelie van Johannes in Grieks, uit die 4de-eeuse *Codex Sinaiticus*.

Dele van die *Pistis Sophia*, 'n Gnostiese werk wat in die eerste eeue van die kerkgeskiedenis gebruik is.



**Die Apostoliese geloofsbelydenis**

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde. En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria; wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het; wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode; wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, van waar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het. Ek glo in die Heilige Gees. Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges; die vergewing van sondes; die opstanding van die vlees en 'n ewige lewe.

Let op hoe hierdie eenvoudige belydenis die kern van die Christendom storie vertel waarin spesifieke name genoem word.

## Die Christendom in 'n nuwe konteks



Keiser Konstantyn se oorwinning oor Maxentius by die slag van Milviese brug in 312 en die afkondiging van die Edik van Milaan in 313 (edik wat godsdiensvryheid aangekondig het) het die Christelike kerk ingrypend kom verander. Dit 'n einde gebring aan die vervolging van Christene en die era ingelei van die Christendom as staat godsdiens.



Dit het ook die era van die eerste groot en indrukkende kerkgebou ingelei waaronder die kerk van die Heilige Graf in Jerusalem (326 nC) en die kerk van Christus se geboorte in Betlehem (327 nC).

**Die Arius en Athanasius kontroversie**

Konstantyn was ontnugter deur die verskillende geloofstandpunte onder gelowiges in sy nuwe ryk. Die kerk was verdeel tussen die standpunte van Arius en Athanasius. Was Jesus werklik die Seun van God?

In 318 het Arius beweer dat die Vader alleen werklik God is; die Seun (Jesus) was in wese anders as die Vader en dit begrond deur verskeie Bybeltekste (Joh.17:3, 1 Tim. 6:16, Kol. 1:15, Spr. 8:22). Arius se standpunte is gesteun deur 'n groot groep gelowiges waaronder die invloedryke Eusebius van Cesarea. Teenoor Arius het Athanasius geargumenteer dat Christus van dieselfde substansie as die Vader was en daarom beide die gestalte van mense en God ten volle beklee het.

In 325 het Konstantyn 'n konsilie in die dorp Nicea byeengeroep om oor hierdie kwessie klaring te kry. Die vergadering het ten gunste van Athanasius se standpunt beslis.

**Die Geloofsbelydenis van Nicea** (dit is in 325 in die dorp Nicea in Turkye saamgestel)



Let op die gedeeltes wat in Nicea belydenis onderstreep is waarin die verhouding tussen Christus (Seun) en die Vader as gelyk (van dieselfde substansie) uitgedruk word.

**Die Geloofsbelydenis van Nicea**

Ons glo in een God, die almagtige Vader, die Skepper van hemel en aarde, van alle sienlike en onsienlike dinge; en in een Heer, Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, gebore uit die Vader voor alle tye; (God uit God) Lig uit Lig, waaragtige God uit waaragtige God, verwek, nie gemaak nie, een in wese met die Vader; deur wie alle dinge ontstaan het;
wat ter wille van ons, die mens, en ter wille van ons saligheid, neergedaal het uit die hemel, vlees geword het deur die Heilige Gees uit die maagd Maria, en mens geword het, wat selfs vir ons gekruisig is onder Pontius Pilatus, gely het en begrawe is; en op die derde dag opgestaan het volgens die Skrifte; wat opgevaar het na die hemel, en wat sit aan die regterhand van die Vader; wat weer sal kom met heerlikheid om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het, wie se koningsheerskappy geen einde sal hê nie; en in die Heilige Gees, die Heer en Lewendmaker, wat van die Vader en die Seun uitgaan, wat saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik moet word, wat gespreek het deur die heilige profete. Ons glo aan een heilige, algemene kerk, gegrond op die leer van die apostels. Ons bely een doop tot vergifnis van sondes; ons verwag die opstanding van die ontslapenes, en die lewe van die toekomstige eeu. Amen.

Wat die Belydenis van Nicea besonder maak is dat dit tot vandag toe die enigste Christelike belydenis is wat deur al die Christen denominasies onderskryf word.

**Die geloofsbelydenis van Athanasius (c. 500)**

Hierdie belydenis toon ooreenkomste met die geloofsbelydenis met Nicea. Dit lê meer klem op die Drie-eenheid vanuit dieselfde God spruit waarin elkeen gelykwaardig is.

## Die geloofsbelydenis van Athanasius

Vir elkeen wat salig wil word, is dit voor alle dinge nodige dat hy die algemene geloof hou; Maar elkeen wat dit nie geheel en al en ongeskonde bewaar nie, sal sonder twyfel ewig verlore gaan.

Die algemene geloof is:

1. Dat ons die één God in die drievuldigheid en die drievuldigheid in die eenheid eer,
2. Sonder om die persone te vermeng of die substansie te deel;
3. Want die persoon van die Vader is 'n ander, van die Seun 'n ander (en) van die Heilige Gees 'n ander;
4. Maar die Vader, die Seun en die Heilige Gees is één Godheid met gelyke een en mede- ewige majesteit.
5. Hoedanig die Vader is, sodanig is ook die Seun (en) sodanig is ook die Heilige Gees:
6. Die Vader is ongeskape, die Seun is ongeskape (en) die Heilige Gees is ongeskape;
7. Die Vader is onmeetlik, die Seun is onmeetlik (en) die Heilige Gees is onmeetlik;
8. Die Vader is ewig, die Seun is ewig (en) die Heilige Gees is ewig;
9. Nogtans is dit nie drie Ewiges nie, maar één Ewige;
10. Net so ook nie drie Ongeskapenes of drie Oneindiges nie, maar één Ongeskape en één Oneindige;
11. Net so is die Vader almagtig, die Seun almagtig (en) die Heilige Gees almagtig:
12. En tog is dit nie drie Almagtiges nie, maar één Almagtige;
13. So ook is God Vader, God is Seun en God is Heilige Gees;
14. En tog is dit nie drie Gode nie, maar dit is éé God;
15. Net so is die Heer Vader, die Heer Seun (en) die Heer Heilige Gees;
16. En tog is dit nie drie Here nie, maar dit is één Heer;
17. want soos ons deur die Christelike waarheid gedwing word om elke persoon afsonderlik God en ook Heer te noem, so is dit ook die algemene geloof verbode om van drie Gode of Here te praat.
18. Die Vader is deur niemand gemaak of geskape of verwek nie.
19. Die Seun is deur die Vader alleen, nie gemaak of geskape nie maar verwek.
20. Die Heilige Gees is deur die Vader en die Seun, nie gemaak, geskape of verwek nie, maar Hy gaan van die Vader en die Seun uit.
21. So is daar dan één Vader, nie drie Vaders nie, één Seun, nie drie Seuns nie, één Heilige Gees nie drie Heilige Geeste nie;
22. en in hierdie Drievuldigheid is niks eerder of later nie en is niks meer of minder nie, maar al drie persone is onderling mede-ewig en volkome aan mekaar gelyk.
23. só, dat in alle opsigte, soos alreeds hierbo gesê, die eenheid in die Drievuldigheid en die Drievuldigheid in die eenheid geër moet word.
24. Daarom, wie dus salig word, moet só oor die Drievuldigheid voel.
25. Maar vir die ewige saligheid is dit nodig dat hy ook getrou aan die menswording van ons Here Jesus Christus moet glo.

Die regte geloof is dan:

28. dat ons glo en bely dat ons Here Jesus Christus,die Seun van God, tegelyk God en mens is.
29. Hy is God uit die substansie van die Vader, voor alle tye verwek én mens uit die substansie van sy moeder, in die tyd gebore;
30. volkome God, volkome mens met 'n redelike siel en menslike vlees;
31. aan die Vader gelyk na sy Godheid; minder as die Vader na sy mensheid.
32. En alhoewel Hy God is en mens, is Hy nogtans nie twee nie, maar één in Christus;
33. één, nie deur verandering van die Godheid in vlees nie, maar deur die aanneming van die mensheid in God;
34. één, nie deur die vermenging van substansie nie, maar deur die eenheid van die persoon.
35. Want soos die redelike siel en die vlees een mens is, so is God en mens één in Christus:
36. wat gely het om ons saligheid ontwil, ter helle neergedaal het, op die derde dag weer opgestaan het uit die dode,
37. opgevaar het na die hemel, aan die regterhand van die Vader sit en vandaar sal kom om hulle wat nog lewe én hulle wat alreeds gesterf het te oordeel;
38. by wie se koms alle mense weer sal opstaan wat die liggaam betref en rekenskap sal gee van hulle eie werke;
39. hulle wat goed gedoen het, sal in die ewige lewe ingaan, maar hulle wat kwaad gedoen het, in die ewige vuur.
40. Dit dan is die algemene geloof : as iémand dit nie getrou en vas glo nie, sal hy nie salig word nie.

DIE BEGIN

# Ignatius van Antiochië

**Michael A. Smith**

Ignatius was vroeg in die 2de eeu biskop van die gemeente in Antiochië. Die karige gegewens wat ons oor hom het, kom hoofsaaklik uit sewe briewe wat geskryf is tydens sy reis na Rome om tereggestel te word (omstreeks 110-115).

Ignatius het geglo dat hy deur die Heilige Gees die gawe tot "profesie" ontvang het, hoewel hy homself as ondergeskik aan die apostels beskou het. Hy was 'n taamlik neurotiese persoon, maar het sterk opvattings gehuldig en was baie welsprekend.

Sy sewe briewe (ander wat aan hom toegeskryf is, is in die 4de eeu bygevoeg) was gerig aan die gemeentes in Efese, Magnesia, Tralles, Rome, Philadelphia en Smirna, en aan Polikarpus, die biskop van Smirna. Hy het sterk betoog dat daar slegs een "biskop" vir elke gemeente moet wees, ten einde skeuringe in die kerk te voorkom en om te verseker dat die korrekte geloof behou word.

Hy het die opvattinge van die Docetiste, wat destyds baie sterk in die gemeentes van Klein-Asië was, sterk veroordeel. (Volgens die Docetiste het Jesus slegs die voorkoms van 'n mens aangeneem; in werklikheid sou hy 'n suiwer geestelike wese, onbesmet deur die materiële wêreld, wees.) Ignatius het groot klem gelê op die Nagmaal as 'n metode om eenheid te verseker en om die werklikheid van Jesus se menswording te beklemtoon.

Ignatius was so vervul met die gedagte om vir Christus te sterf dat hy die Christene in Rome gesmeek het om nie sy verwagte teregstelling te verhinder nie.



Die Dooie See-rolle is in 1947 in grotte in hierdie heuwels ontdek. Die Qumran-gemeenskap het daar naby gewoon tot met die oorlog teen Rome in 66-73. Die Rolle het baie onthul oor die Joodse leefwyse en denke van daardie tyd.

# Die Gnostici

**Edwin M. Yamauchi**

Die Gnostici was aanhangers van 'n verskeidenheid godsdienstige rigtings in die vroeë Christelike eeue. Hulle het die klem daarop laat val dat mense gered kon word deur 'n geheime kennis (gnosis in Grieks). Die duidelikste getuienis oor hierdie rigtings wat gesamentlik as die Gnostisisme bekend staan, word in die Christelike geskrifte van die 2de eeu gevind. Die onderskeie Gnostiese groepe word hierin as ketterse afwykings van die ortodokse Christendom beskryf.

Tog was die ontwikkeling van die Gnostisisme miskien nie so nou aan die Christendom gekoppel nie. Navorsers het bv. oral tekens van die Gnostisisme gevind waar daar 'n beklemtoning van "kennis" vir redding is, o.m. in die Dooie See-rolle. Sommige navorsers onderstreep ook die klem op die teenstelling tussen die geestelike en die bose, stoflike wêreld wat by alle Gnostiese groepe bestaan het.

## Die leringe van die Gnostici

Daar is 'n skerp dualisme in die Gnostiese gelowe. Hulle stel 'n transendentele God teenoor 'n onkundige skepper (wat dikwels 'n karikatuur is van die God van die Ou Testament). Party Gnostici het verkondig dat die skepping van die wêreld gevolg het uit die val van *Sophia* (die "wysheid"). Alle Gnostici het die stoflike skepping as boos beskou, hoewel vonke van die Goddelikheid behoue gebly het in die liggame van sekere "geestelike" enkelinge wat vir die redding bestem is.

Hierdie "geestelikes" is egter oningelig oor hul hemelse oorspronge. Daarom stuur God 'n verlosser na hulle wat aan hulle die redding bring in die vorm van geheime kennis (*gnosis*) oor hulself, hul oorsprong en hul bestemming. Nadat hulle op dié manier "opgewek" is, ontsnap die "geestelikes" by hul dood uit die gevangenis van hul liggame en reis veilig deur die planetêre streke, wat beheer word deur vyandige duiwels, om uiteindelik met God herenig te word.

Aangesien hulle geglo het dat die redding volkome van die mens se kennis van sy eie "geestelike" aard afhanklik is, het party Gnostici hulle aan uiters losbandige gedrag skuldig gemaak. Hulle het beweer hulle is "pêrels" wat nie besmet kon word deur modder van buite nie. So het Carpocrates bv. sy volgelinge aangemoedig om te sondig, terwyl sy seun Epiphanes selfs verkondig het dat vrye geslagsomgang die wet van God is. Die Kainiete het Kain en ander bose figure uit die Ou Testament vereer, en die Ofiete het die slang heilig verklaar omdat dit "kennis" aan Adam en Eva gebring het.

Die meeste Gnostici het egter 'n sterk asketiese houding teenoor die seksuele en die huwelik ingeneem. Volgens hulle was die mens oorspronklik eenslagtig. Die skepping van die vrou was die bron van die boosheid, en die verwekking van kinders het net die siele in die gevangenskap van die magte van die duisternis vermeerder. Volgens die Gnostiese Evangelie van Thomas sou Maria, Jesus se moeder, alleen in die hemel kon kom as sy in 'n man verander word.

Die Gnostisisme het groot aanhang geniet in die antieke wêreld, veral in die randgebiede van die Christendom. Dit het aan baie mense 'n verklaring van die boosheid en die verwarring van die wêreld en die mensdom, sowel as 'n roete terug na die mens se "geestelike tuiste" gebied.

## Nuwe getuienis oor die Gnostici

In die 19de eeu is twee oorspronklike Gnostiese manuskripte gepubliseer: die *Codex Askewianus*, wat die "Pistis Sophia" bevat, en die *Codex Brucianus*, wat die "Boeke van Jeu" bevat. Dit is twee betreklik laat Gnostiese dokumente. 'n Derde manuskrip, die *Codex Berolinensis*, is eers in 1955 ten volle gepubliseer, hoewel dit reeds in die 19de eeu bekend was. Dit bevat 'n "Evangelie van Maria (Magdalena)", die "Wysheid van Jesus", die "Handelinge van Petrus", en 'n "*Apocryphon* van Johannes", 'n werk wat reeds in 180 deur Irenaeus vermeld word. Die drie manuskripte is in Kopties.

In 1946 is 'n baie waardevolle versameling van twaalf Koptiese geskrifte en skrifdele naby Nag Hammadi in Bo-Egipte ontdek. Die versameling, wat omstreeks 400 jaar versteek is, bevat sowat vyftig werke. Hierdie manuskripte het reeds baie nuwe lig op die Gnostiese gelowe en gebruike gewerp. Van die wat gepubliseer is, is:

*Die Evangelie van Waarheid*, wat party navorsers aan die Gnostiese leier Valentinus toeskryf en wat oor onkunde as die oorsaak van die mens se verlorenheid handel.

*Die Brief van Rheginos*, moontlik deur Valentinus, wat beweer dat die opstanding geen liggaamlike gebeurtenis was nie.

*Die Evangelie van Thomas*, 'n belangrike versameling van 114 *logia*, of gesegdes, wat aan Jesus toegeskryf word. (Dit moet onderskei word van 'n ander apokriewe Evangelie van Thomas, waarin wonderwerke beskryf word wat aan die kind Jesus toegedig is.)

*Die Evangelie van Filippus*, deur Valentinus, waarin verskeie sakramente bespreek word, o.m. die doop, die salwing met olie en die "huwelikskamer".

Die *Apocryphon van Johannes*, wat 'n uitgebreide verslag oor die oorsprong van die heelal gee en groot ooreenkoms toon met geskrifte van die Setiërs en Ofiete, Gnostiese groepe wat deur die vroeë Christelike skrywers genoem word.

Die Openbaring van Adam, waarin Adam aan Noag se seun Set onthul hoe Noag uit die sondvloed gered is en hoe Set se nakomelinge van verwoesting deur brand gered word. Hoewel party verwysings – bv. die maagdelike geboorte en liggaamlike lyding – vertolk kan word as heenwysings op Christus, word die Christendom nie spesifiek in die manuskrip genoem nie. Party navorsers het daarom aanvaar dat die dokument van voor-Christelike Gnostiese oorsprong is.

Die Mandeërs, klein gemeenskappe wat vandag in Irak en Iran woon, is die enigste lewende oorblyfsels van die antieke Gnostisisme. Drie belangrike Mandese manuskripte is vroeg hierdie eeu vertaal: die *Ginza*, 'n uitvoerige verslag oor die ontstaan van die heelal; die *Johannesboek*, wat oorleweringe oor Johannes die Doper bevat; en die *Qolasta*, 'n versameling gebede en liturgieë.

Die manuskripte van hierdie werke dateer uit die 16de eeu tot die 19de eeu. Daar bestaan egter vroeëre towerbak-tekste uit 600 en 'n aantal inskripsies op amulette van lood wat miskien selfs al uit die 3de eeu kom. Hoewel 'n aantal navorsers aanvaar het dat die Mandeërs hul oorsprong voor die Christelike tydvak gehad het, is daar sterk getuienis wat op 'n datum van nie vroeër nie as die 2de eeu dui. Dit sou dus anachronisties wees om die Nuwe Testament op grond van Mandese manuskripte te probeer vertolk, soos die Duitse teoloog Rudolf Bultmann gedoen het.

## Gnostiese leiers

Hoewel die Nuwe Testament self (Hand. 8) Simon die towenaar nie as 'n Gnostikus beskryf nie – hy





Die Evangelie van Thomas is saam met ander Gnostiese geskrifte by Nag Hammadi in Egipte ontdek. Die eerste woorde lui: "Hierdie woorde is die geheime woorde wat die lewende Jesus gespreek het, en Didimus Judas Thomas het dit neergeskryf . . ."

word 'n magos (towenaar) genoem – het die vroeë Christelike skrywers Simon eenparig as die oorsprong van alle ketterye aangewys. Anders as die latere Gnostici, het Simon blykbaar daarop aanspraak gemaak dat hy goddelik is, en hy het dus verkondig dat redding veronderstel dat die mense hom (en nie hulself nie!) moet ken.

Nog 'n Samaritaan, Menander, was 'n volgeling van Simon. Hy het teen die einde van die 1ste eeu in Antiochië in Sirië aan sy volgelinge verkondig dat dié wat in hom glo, nie sou sterf nie. (Nodeloos om te sê, het sy eie dood getoon dat hy 'n valse profeet was.) Saturninus het in die begin van die 2de eeu ook in Antiochië gepreek; hy het geglo dat Christus geen stoflike wese was nie en bloot die voorkoms van 'n mens aangeneem het.

Cerinthus het in Klein-Asië gepreek. (Irenaeus verhaal dat die apostel Johannes uit die badhuis in Efese gevlug het toe hy verneem het dat die berugte dwaalleraar ook daar was, omdat hy nie onder dieselfde dak as Cerinthus wou wees nie!) Cerinthus het verkondig dat Jesus bloot 'n mens was op wie "die Christus" soos 'n duif neergedaal het. Aangesien Christus nie kon ly nie, het hy voor die kruisiging uit Jesus gewyk. (Hierdie opvatting kom ook in die Islamitiese Koran voor: "Hulle het hom nie doodgemaak of gekruisig nie, maar dit het vir hulle so voorgekom.")

Marcion van Pontus was 'n belangrike, hoewel nie 'n tipiese Gnostikus nie. Hy het die geloof in Christus behou maar het die menslikheid van Jesus en die liggaamlike opstanding verwerp.

Ander Gnostiese predikers was Basilides en sy seun Isidor, asook Carpocrates en sy seun Epiphanes. Hulle was almal in Alexandrië in Egipte bedrywig. Die bekendste Gnostiese leier was egter Valentinus, wat ook in Alexandrië gepreek en in 140 na Rome gegaan het. Hy het 'n paar bekwame volgelinge gehad, o.a. Theodotus in die Ooste, en Ptolemeüs en Heracleon in die Weste.

# Clemens van Rome

**Michael A. Smith**

Daar is min bekend oor Clemens se lewe. Hy was een van die vroeë biskoppe of ouderlinge van die gemeente in Rome en het omstreeks 100 gesterf. Sy naam word verbind aan 'n algemene sendbrief wat gewoonlik net as *1 Clemens* bekend staan.

*1 Clemens* is 'n ope brief van die gemeente van Rome aan dié van Korinthe. Dit is waarskynlik teen die einde van die eerste eeu geskryf, kort na die vervolging deur keiser Domitianus. Op die Nuwe Testament na, is dit moontlik die oudste Christelike geskrif wat behoue gebly het. Dit is geskryf as teenvoeter vir die verwarring in die gemeente van Korinthe nadat die ouer leiers deur 'n jonger groep ontsetel is.

Die brief werp interessante lig op die kerklewe kort na die tyd van die apostels. Daar is geen aanduiding van 'n enkele heersende biskop nie, en die leiers van die kerk word òf biskoppe en diakens òf ouderlinge genoem. Daar word wel verwys na Petrus en Paulus se martelaarskap, maar dit bly baie vaag. Die brief doen 'n beroep op 'n betreklik eenvoudige vorm van apostoliese opvolging.

Clemens benadruk die goeie orde, asook dat die Christelike geloof met goeie werke gepaard moet gaan. Dit beweer o.m. dat Abraham gered is deur "geloof en gasvryheid". Die brief haal uitvoerig aan uit die Ou Testament, Joodse boeke buite die kanon en geskrifte van die apostels. Dit het wyd bekend en gewild geraak, want daar is geglo dat die skrywer nog vir Petrus en Paulus geken het, asook omdat dit ernstige vermaninge tot Christelike nederigheid en liefde bevat. Dit was bekend aan Hermas en Dionysius van Korinthe en is periodiek selfs in die kerk gelees.

*2 Clemens*, 'n ander vroeë werk, is ook aan Clemens toegeskryf, maar dit is 'n anonieme preek wat moontlik uit 150 dateer. Verskeie ander geskrifte uit die 4de eeu is ook verkeerdelik aan Clemens toegeskryf.

# Irenaeus

**Everett Ferguson**

Irenaeus is omstreeks 135-140 in Klein-Asië gebore en het onder Polikarpus, die biskop van Smirna, gestudeer. Hy is later na Gallië (Frankryk) waar hy in 177 biskop van Lyon geword het. Sy boeke was veral daarop gemik om die leringe van die Gnostici te beveg.

Twee belangrike geskrifte van hom het behoue gebly: *Teen die Dwaalleringe* (van die Gnostici) en *Bewys van die Apostoliese Prediking* (wat toon dat die Christelike geloof die vervulling van die Ou Testament is).

Irenaeus het klem gelê op die fundamenteel-Christelike leerstellinge wat deur die Gnostisisme bevraagteken is; dat die wêreld geskep is deur een God; dat Jesus Christus, Seun van die Skepper, gesterf het om die mensdom te red; en dat daar 'n opstanding van die liggaam sal wees. Hy het hom beroep op die historiese wortels van die Christelike geloof en het aangetoon dat die Skrif 'n reeks verbonde bevat waardeur "een en dieselfde God" sy wil progressiewelik aan die mensdom openbaar het wanneer hulle gereed was om dit te ontvang.

Irenaeus het die idee ontwikkel dat Christus, tegelyk ware mens en ware God, Adam se weg deur die wêreld herhaal het, maar met 'n ander gevolg. Omdat Christus deur elke tydperk van die lewe gegaan het, deel die hele mensdom in sy verlossingswerk.

Die Gnostici het daarop aanspraak gemaak dat hulle oor geheime tradisies beskik wat van die apostels af aan hulle oorgedra is. Hierteen het Irenaeus 'n argument ontwikkel waarby 'n ander soort apostoliese opvolging betrek is: hy het beweer dat die kerk die draer was van die openbare en korrekte geloof wat deur die leraars van die kerke van geslag tot geslag oorgedra is.

Irenaeus het die groei van die Christelike teologie op verskillende maniere aangehelp, o.m. deur sy opvatting van die "kanon (of reël) van waarheid" wat in die kerk behoue gebly het as die sleutel tot die vertolking van die Skrif – sy standpunt dat die Nagmaal "'n aardse en 'n Goddelike werklikheid" omvat.

## Polikarpus

"Hy het na vore getree, en die prokonsul hèt hom gevra of hy werklik Polikarpus is. Toe hy ja sê, het die prokonsul hom aangeraai om die aanklag te ontken.

'Neem jou jare in ag!' het hy uitgeroep, en al die oproepe bygevoeg wat gewoonlik by sulke geleenthede uitgespreek word: 'Sweer by Caesar se geluk; verander jou houding; sê: Weg met die goddeloses.'

Maar Polikarpus, sy gesig strak, het na die skare in die stadion gekyk en met sy hand in hul rigting gewuif, gesug, opgekyk na die hemel en uitgeroep: 'Weg met die goddeloses!'

Die goewerneur het hom verder probeer aanpor: 'Sweer, en ek laat jou vry: vervloek Christus.'

'Ses-en-tagtig jaar lank,' het Polikarpus geantwoord, 'was ek sy dienaar, en Hy het my nog nooit iets verkeerds aangedoen nie; hoe kan ek my Koning belaster wat my gered het?'

'Ek het wilde diere,' het die prokonsul gesê. 'Ek sal jou vir hulle gooi as jy nie jou houding verander nie.'

'Roep hulle,' het die ou man geantwoord. 'Ons kan nie ons houding verander as dit 'n verandering van erg na erger beteken nie. Maar dit is 'n wonderlike ding om van wreedheid na geregtigheid te verander.'

'As jy die diere bespotlik probeer maak,' het die goewerneur gesê, 'sal ek jou met vuur laat uitwis, tensy jy jou houding verander.'

Polikarpus het geantwoord: 'Die vuur waarmee u my dreig, brand 'n ruk en gaan dan dood: daar is 'n vuur waarvan u niks weet nie – die vuur van die komende oordeel en van die ewige straf, die vuur vir goddeloses. Maar hoekom aarsel u? Doen wat u wil . . .'



Polikarpus is by Smirna gemartel. Hierdie oorblyfsels van die markplein van Smirna herinner ons daaraan dat dit eens 'n pragtige stad met manjifieke openbare geboue was.

Die prokonsul was verbaas, en hy het sy uitroeper gestuur om in die middel van die arena te gaan staan en drie keer aan te kondig:

'Polikarpus het erken dat hy 'n Christen is . . .' Toe het daar 'n groot geskreeu opgegaan uit elke keel dat Polikarpus lewend verbrand moet word . . .

Die res het gevolg in 'n veel korter tyd as wat nodig is om dit te beskryf: die skare het uitgestorm om stompe hout en fynhout te gaan bymekaarmaak... Toe die brandstapel gereed was ... het Polikarpus gebid:

'Vader van u geliefde en geseënde Seun, Jesus Christus, deur wie ons U leer ken het, die God van engele en al die magte en van die skepping, van al die regverdiges wat in u teenwoordigheid leef; ek loof U dat U my waardig geag het vir hierdie dag en uur, dat ek ook een van die martelaars sal word wat deel sal hê aan Christus se beker, aan die opstanding tot die ewige lewe van die liggaam en die gees in die onverganklike Heilige Gees . . .'

Nadat hy amen gesê en sy gebed voltooi het, het die manne die vuur aangesteek en 'n groot vlam het opgeskiet."

Eusebius, *Geskiedenis van die kerk*, IV, 15

# Origenes

**Everett Ferguson**

Origenes was die grootste geleerde en vrugbaarste skrywer van die vroeë kerk. Hy was 'n skerpsinnige denker maar ook diep geestelik en 'n getroue kerkman.



Alexandrië het met Rome gewedywer as sentrum van die Romeinse Ryk. Die stad in Egipte het 'n groot inwonertal gehad, was magtig op handelsgebied en was die grootste bestaande sentrum van die Griekse kultuur. Heel tipies het die Romeine ook daar 'n groot amfiteater gebou.

Origenes is omstreeks 185 in Alexandrië uit 'n Christelike gesin gebore. Hy het 'n onderwyser geword, eers vir nuwe bekeerlinge en later vir meer gevorderde studente van die Christelike leer. Origenes, wat 'n besonder asketiese lewe gelei het, is gedwing om na Cesarea uit te wyk vanweë botsings met biskop Demetrius van Alexandrië. Origenes het wyd gereis, dikwels om op uitnodiging uitsluitsel te gaan gee in kerkgeskille of om toesprake voor vooraanstaandes te hou. Hy is in 254 oorlede aan beserings wat hy tydens die vervolging deur keiser Decius opgedoen het.

Origenes was die skepper van die *Hexapla*, die grootste stuk Bybelse navorsing in die hele vroeë kerk. Dié werk het die Hebreeuse teks van die Ou Testament en 'n Griekse transkripsie daarvan in parallelle kolomme langs die Griekse vertalings deur Aquila, Symmachus en Theodotion en die Septuagint geplaas. Origenes het die *Hexapla* gebruik as die grondslag vir sy vertolking van die Ou Testament. Sy preke en sy omvangryke Bybelse kommentare illustreer sy opvatting dat daar in elke Bybelse teks drie betekenisvlakke is: die letterlike vlak, die morele toepassing op die siel, en die allegoriese of geestelike vlak, wat na die geheime van die Christelike geloof verwys.

Orignese se grootste teologiese werk, *Die Vier Boeke van die Beginsels*, was 'n poging om die Christelike leer sistematies aan te bied: God, Christus, die Heilige Gees, die skepping, die siel, vrye wil, verlossing en die Skrif. Origenes het eers geprobeer om die geloof van die kerk duidelik uiteen te sit, en daarna om dit wat net implisiet in die geloof is, uit te lig en te verduidelik.

*Bemoediging tot die Martelaarskap* en *Gebed* is voorbeelde van Origenes se geskrifte oor die Christelike leefwyse. *Teen Celsus* was 'n grootse geskrif teen heidense kritiek op die Christendom.

Origenes het die Christelike geloof probeer uitdruk in terme van die bekende Platoniese filosofiese opvattinge van sy tyd. Party van sy bespiegelinge, bv. oor die voortbestaan van die siel en dat almal op die einde versoening sal ontvang, is deur die kerk afgewys en het tot sy latere verwerping deur die kerk bygedra. Die Griekse Christelike teologie het egter voortgegaan om die groot probleem wat Origenes aangeroer het, t.w. die verhouding tussen die filosofie en die Christelike tradisie, te ondersoek.

# Justinus die Martelaar

Colin J. Hemer

Justinus was 'n bekeerling uit die heidendom, maar hy het die bekendste geword van al die "apologete" (d.w.s. skrywers wat die Christelike geloof verdedig het) van die 2de eeu. Die besonderhede oor sy lewe kom hoofsaaklik uit sy eie geskrifte.



Groot dele van Efese, die hoofstad van die Romeinse provinsie Asië, is deur argeoloë opgegrawe. Hierdie breë pad het van die hawe (nou toegeslik om 'n baie vrugbare vlakte te vorm) na die stad geloop. Die amfiteater lê op die voorgrond.

Justinus is in Flavia Neapolis (nou Nablus) in Palestina gebore. As jong man het hy by verskeie filosofiese skole naarstiglik na die waarheid gesoek. Eendag, terwyl hy alleen langs die see sit en peins het – dalk was dit by Efese – het hy 'n ou man ontmoet wat die swak plekke in sy denkwyse aan hom uitgewys het. Die vreemdeling het hom verwys na die Joodse profete wat oor Christus getuig. Justinus was in daardie stadium reeds diep onder die indruk van die Christene se moed in die aangesig van die dood. Hierdie temas sou later in sy geskrifte neerslag vind.

Justinus het met hart en siel 'n Christen geword, en hy het sy nuwe geloof die filosofiese skole binnegedra. Hy het geglo dat hy in Christus 'n bevredigende filosofie gevind het, wat ten volle geopenbaar is deur die God wat net ten dele geken kon word deur die wysheid van die antieke wêreld. Hy het in Efese en Rome geleer, waar Tatianus een van sy volgelinge was.

Justinus se geskrifte bied 'n beeld van 'n minsame mens. Dit is lewendig, maar beredeneerd en doen 'n ernstige beroep op die rede wat vorm gekry het te midde van dreigemente van vervolging.

Justinus se *Eerste Apologie* was gerig aan keiser Antoninus Pius (138-161) en was daarop gemik om vooroordeel en misverstand oor die Christendom uit die weg te ruim. Hy het aangetoon dat aantygings soos dat die Christene ateïste en immoreel was, volkome ongegrond was, en daarop gewys dat die Christelike geloof en gebruike in werklikheid 'n hoër redelikheid en moraliteit weerspieël. Sy *Tweede Apologie* is 'n kort en hartstogtelike protes teen ongeregtigheid. Dit het gevolg op die summiere teregstelling van mense wat onskuldig was aan enige misdaad, behalwe dat hulle die naam Christus bely het.

Die langste van Justinus se werke wat behoue gebly het, is sy *Dialoog met Trypho*. Dit is blykbaar 'n weergawe van 'n ware ontmoeting by Efese jare tevore. Trypho was 'n gekultiveerde Jood, wat beweer het dat die Christene die Joodse wet verbreek het en 'n mens aanbid. Die debat is deur albei kante met agting en hoflikheid gevoer, ondanks die diep verskille. Justinus het geargumenteer uit die Skrif wat hulle gedeel het en aangevoer dat dit na Christus, wat die wet ter syde sou stel, verwys. Justinus se woorde is kosbare voorbeelde van die manier waarop die vroeë Christene die Bybel vertolk het.

Justinus het omstreeks 165 in Rome 'n marteldood gesterf. Sy heldere prediking is waarskynlik op die hoogtepunt daarvan kortgeknip. Hy het sy geloof altyd Skriftuurlik sowel as redelik verdedig teen die besware van sowel die Jode as die heidene.

# Tertullianus



**Everett Ferguson**

Tertullianus was die eerste belangrike Christelike skrywer wat in Latyn geskryf het. Hy was dus die eerste om baie van die "tegniese" terme te gebruik wat later algemeen in teologiese debatte geword het.

Tertullianus, gebore omstreeks 160, het die grootste deel van sy lewe deurgebring in Carthago, hoofstad van die Romeinse provinsie Afrika. Sy behoue werke dateer uit 196-212, en weerspieël drie hooftemas: die Christendom se houding teenoor die Romeinse staat en gemeenskap; die verdediging van die ortodokse geloof teen kettery; en die sedelike gedrag van Christene. Sy eie streng morele beginsels het hom omstreeks 207 na die Montaniste gelei.




Septimius Severus (193-211), die eerste keiser wat 'n boorling van Afrika was.

Tertullianus het in 'n gevatte, lewendige styl geskryf, met allerhande kernagtige en onverwagte segswyses. Dis hy wat gesê het: "Die bloed van die martelaars is saad." Sy bekende vraag: "Wat het Athene met Jerusalem te doen?" dui egter op 'n verwerping van die Griekse filosofie wat nie met sy eie werk strook nie, want hy het juis aangetoon hoe die heidense intellektuele prestasies benut kan word om die Christendom te dien.

Tertullianus se meesterstuk was sy *Apologie*, waarin hy oortuigende argumente aanvoer dat die Christelike geloof in die Romeinse Ryk geduld moes word. Sy langste werk, die vyf boeke *Teen Marcion*, het die gebruik van die Ou Testament deur die Christelike kerk verdedig, asook die eenheid van God as Skepper sowel as Verlosser. In *Teen Praxeas* het Tertullianus die leer van die Drie-eenheid ontwikkel. Hy het twee besware teen Praxeas gehad: sy teenkanting teen die Montaniste se "Nuwe Profesie" en sy siening van God. Volgens Tertullianus het Praxeas "in Rome twee werke vir die duiwel gedoen: hy het die Parakleet op die vlug laat slaan, en die Vader gekruisig".

In sy *Uitsluiting van Ketters* het hy 'n argument uit die Romeinse reg gebruik om te beweer dat die Skrif die alleenbesit van die kerk is.

Tertullianus se *Oor die Siel* is die eerste Christelike geskrif oor die sielkunde. *Oor die Doop* is die oudste werk oor dié sakrament wat behoue gebly het. Daarin kritiseer Tertullianus die kinderdoop. In ander boeke het hy o.m. 'n streng kerkdissipline – selfs strenger as dié wat die Skrif vereis – bepleit. Hy was ook 'n teenstander van pogings om vervolging te ontvlug.

"God het die heelal geskep deur sy Woord, rede en krag. Ons glo ook dat die woord, rede en krag waardeur God alle dinge gemaak het, gees het as substansie . . . Hierdie Woord, het ons vasgestel, was uit God en is voortgebring deurdat dit geskep is. Daarom word dit ook die Seun van God en God genoem, omdat dit in substansie een is met God. Want God is ook Gees.

"Wanneer die son 'n straal uitstraal, is dit 'n deel van die hele son; maar die son sal in daardie straal wees, want dit is 'n straal van die son; die substansie word nie geskei nie, maar verleng. Uit Gees kom dus Gees, en uit God kom God, soos lig opgewek word deur lig . . . Hierdie straal van God . . . het afgedaal tot in 'n maagd, in haar baarmoeder het dit vlees geword, en hieruit is dit gebore as 'n mens wat deel was van God. Die vlees is opgebou deur die Gees, is gevoed, het grootgeword, gepraat, geleer, gewerk, en was Christus."


Tertullianus, *Apologie XXI*

# Egeria se pelgrimstog na die heilige plekke, 414-416

"Daarna het ons in die naam van Christus, onse Here, by Edessa gekom. Toe ons daar aankom, het ons dadelik na die kerk en die gedenkkapel van die heilige Thomas gegaan. Nadat ons volgens gewoonte gebid en alles gedoen het wat gewoonlik by heilige plekke gedoen word, het ons iets oor die heilige Thomas gelees. Die kerk daar is baie groot en baie mooi, en in 'n nuwe styl gebou; dit is 'n waardige huis van God.

En aangesien daar baie dinge was wat ek wou sien, moes ek drie dae daar bly. In die stad het ek verskeie gedenkkapelle en ook heilige monnike gesien, van wie party naby die kapelle en ander meer afgeleë in woonplekke verder van die stad af gewoon het. Die biskop van die stad, 'n werklike vroom man, 'n monnik en 'n belyer, het my hartlik ontvang en gesê: 'My dogter, aangesien ek sien dat jy om godsdienstige redes groot moeite gedoen het om van ver af hierheen te reis, sal ons, as dit jou geval, jou al die plekke hier wys wat Christene graag wil sien.' Toe het ek God gedank en daarna vir hom, en ek het hom gretig aangespoor om sy belofte na te kom. Hy het my heel eerste na die paleis van koning Agbar gebring . . ."

*Reise van Egeria* 19



# Athanasius

**Everett Ferguson**

Athanasius (omtreeks 296-373) is beskou as een van die reuse in die kerkgeskiedenis na aanleiding van die rol wat hy gespeel het in die omskrywing van die Drie-eenheid in die Arianistiese stryd. Hy was van mening dat indien Jesus minder as God sou wees, Hy nie Verlosser kon wees nie. Alleenlik God kon die verbreekte verhouding tussen Hom en die mens volkome herstel.

Die meeste van Athanasius se geskrifte was gemik teen die Arianisme wat hy uit 'n historiese, leerstellige en skriftuurlike oogpunt bespreek het. Athanasius het rotsvas gestaan in sy verdediging van die geloofsbelydenis wat by Nicea aanvaar is. Sy persoonlikheid, prediking en geskrifte het meer as enigiets anders gedoen om die Niceense standpunt te laat seëvier. Sy ywer het hom ontoegeeflik en selfs hard teenoor sy teenstanders laat optree. Hy het ook nie maklik goeie eienskappe raakgesien in diegene met wie hy nie saamgestem het nie. Athanasius se *Lewe van Antonius* het baie gedoen om die kloosterwese te bevorder deur die leefwyse van die woestynasketе aan te prys. Vir Athanasius het die psalms sy eie ervaringe en emosies weerspieël (*Brief aan Marcellinus*), en hy het gehelp om die persoonlike betekenis wat die psalms vandag nog vir Christene het, op die voorgrond te bring. Sy 39ste *Paasbrief* (367) is die vroegste getuienis van die Nuwe-Testamentiese kanon van sewe-en-twintig boeke.

Die oudste bekende voorstelling van die kruisiging. Hierdie houtsneewerk is deel van die deure van die kerk van Santa Sabina, wat omstreeks 422-432 in Rome gebou is. Dit is interessant dat Christus met 'n baard voorgestel word (vroeër is Hy altyd as 'n gladgeskeerde jongeling voorgestel) en dat die kruis self nie uitgebeeld word nie.



# Augustinus van Hippo

**David F. Wright**

Augustinus, wat so 'n oorheersende invloed op die Middeleeuse kerk uitgeoefen het, is in Thagaste in Numidië (die hedendaagse Algerië) gebore. Sy ouers was Afrikane van Berber-afkoms. Van sy kinderdae af was hy 'n kategeet en het Monnica, sy godsdienstige moeder, hom in die Christelike geloof onderrig. Sy doop is egter tot 387 uitgestel as gevolg van 'n lang godsdienstige en filosofiese pelgrimstog wat in sy *Belydenisse* beskryf word.

Augustinus was 'n besonder gekultiveerde mens, met 'n wye kennis van die letterkunde van sy tyd, behalwe in Grieks, en hy het in Carthago lesings in retorika gegee. In 373 het 'n werk van Cicero hom oorreed om die "Goddelike wysheid" na te streef, maar hy is afgestoot deur die Bybel se oënskynlike barbaarsheid. Hy het 'n aanhanger geword van die Manicheïsme, 'n godsdiens met 'n dualistiese mitologie wat asketisme en intense toegewydheid aan Christus verkondig het. Hy het die Manicheïsme nege jaar lank aangehang, hoewel hy gou begin twyfel het aan die aansprake dat dit die waarheid deur die verstand kan demonstreer.

As 'n ontnugterde man is hy na Rome. Daar het hy 'n ruk lank saam met die groep bekend as die "Akademici" daaraan getwyfel of enige sekerheid ooit moontlik was. Hy het selfs in die versoeking gekom om die Epikureërs se leefwyse, wat om genot gedraai het, te beproef. In 384 is hy egter as keiserlike onderwyser in die retorika in Milaan aangestel. So het hy onder die invloed van biskop Ambrosius en die opvattinge van die Neo-Platoniste gekom. Hierdie invloede het die struikelblokke wat hom van die ware geloof vervreem het, uit die weg geruim.

By Ambrosius het hy geleer dat 'n Christen welsprekend en intelligent kan wees, en ook dat die verskillende verhale van die Ou Testament as allegorieë beskou kan word. Die Neo-Platoniste het gewys op die geestelike volmaaktheid van God en het deur bepeinsing insig probeer verwerf. Augustinus het begin glo dat die boosheid wat nog altyd voorop gestaan het in sy lewe, veroorsaak is deurdat die goedheid afwesig was. Dit was dus nie 'n krag op sigself, soos die Manicheërs geglo het nie.

Hy is voor die keuse gestel om die "vlees en die wêreld" af te sweer. Hy het langer as tien jaar saam met 'n vrou geleef en dit het gelyk of hy vir 'n hoë amp bestem was. Die uitdaging om hom "van die wêreld te bekeer", is aan hom oorgedra deur verhale van besondere selfverloëning, soos dié van Antonius en Victorinus. Die knoop is uiteindelik deurgehaak toe hy Rom. 13: 13-14 in 'n tuin in Milaan gelees het.

Voor sy doop het Augustinus hom na Cassiacum teruggetrek waar hy en 'n groep vriende hul tyd as Christen-filosowe deurgebring het. Toe hy in 388 na Afrika terugkeer ná Monnica se dood, het hy by Thagaste 'n kloostergemeenskap gestig. In 391 is hy teen sy sin aangestel as priester in Hippo aan die kus, en teen 396 was hy die Katolieke biskop van die stad. Die res van sy lewe was hy prediker en leraar, bediener van die sakramente, regter en bemiddelaar, organiseerder van liefdadigheidswerk, 'n onvermoeide verdediger van die Katolieke ortodoksie en 'n baie bedrywige skrywer. Die half-heidense Katolieke van Hippo en die hardkoppige Donatiste het hom gou sy rug laat draai op die humanisme van 'n Christelike Neo-Platonisme tot 'n meer Bybelse en pessimistiese siening van die menslike aard, gemeenskap en geskiedenis. Die *Belydenisse* was die eerste vrugte van sy nuwe siening; *Die Godstad* het van 'n ryper siening getuig.

Augustinus het sy invloedryke beginsel ("Glo om te kan verstaan") ontwikkel in sy stryd teen die rasionalisme van die Manicheïsme. Hy het hierdie beginsel sterk voorop gestel in verskeie geskrifte, veral in *Die Drie-eenheid*. Teenoor die Donatiste het hy volgehou dat die kerk 'n graanland is met koring en onkruid, gelowiges en nie-gelowiges, wat deurmekaar groei tot die oestyd. Hy het die Donatiste se wederdopery weerspreek deur te toon dat Christus die hoof-bediener van die sakramente is, sodat hulle ware sakramente bly, selfs as dit deur onwaardige mense bedien word. Die sakramente bring nogtans geen voordeel solank diegene wat hulle ontvang buite die dampkring van die Heilige Gees se eenheid en liefde vertoef nie. Augustinus het ook die dwang wat op afvallige Christene toegepas is, geregverdig as 'n daad van liefdevolle teregwysing.

Die uiteindelike veroordeling van die Pelagiane deur die Weste was grootliks die gevolg van druk uit Afrika onder leiding van Augustinus. Die Pelagiane het hom daartoe gedwing om sy leringe oor die sondeval en die erfsonde verder te ontwikkel: korrupsie en skuld, die noodsaaklikheid van genade sodat die wil vry kan word om aan God onderdanig te wees, en die uitverkiesing en volharding van die "vasgestelde getal uitverkorenes".

Die Ariaanse Vandale was besig om Hippo te beleër toe Augustinus in 430 oorlede is. Toe hy nog geleef het – te midde van die skokke en ontwrigtings van die verbrokkelende Romeinse Ryk – het Augustinus die Christene geleer om die wêreld wat deur die boosheid oorheers word, te verduur, en om die vrede van die hemelse stad op te soek.

### Wat is die mens?

**"Kan enige lof die majesteit van die Vader waardig wees? Hoe wonderbaarlik is sy krag! Hoe ondeurgrondelik sy wysheid! Die mens is een van U skepsels, Vader, en dit is tweede natuur by hom om U te loof. Hy dra die teken van die dood saam met hom, die teken van sy eie sonde, om hom daaraan te herinner dat U die trotses tot 'n val bring. Desnieteenstaande, aangesien hy deel is van U skepping, wil hy U loof. As hy aan U dink, ontroer dit hom so diep dat hy nie voldoening kan smaak tensy hy U loof nie, want U het ons vir uself gemaak, en ons harte vind geen vrede voor hulle nie in U rus nie."**

Uit Augustinus se *Belydenisse*





Hierdie lugfoto van Hippo (Algerië) toon die oorblyfsels van verskeie Christelike geboue. Rondom die basiliek is daar 'n doopkapel, kapelle, 'n binnehof, biblioteek en woonhuise. Augustinus het waarskynlik sy jare as biskop hier deurgebring.

# Johannes Chrysostomus

**Everett Ferguson**

Johannes, wat bekend geword het as die grootste van alle Christen-predikers, is omstreeks 350 in Antiochië gebore. Hy is grootgemaak deur Anthusa, sy toegewyde moeder, wat op twintigjarige leeftyd reeds 'n weduwee met 'n babaseuntjie was. Die heidense redenaar Libanius was Johannes se leermeester. Libanius het Anthusa een keer lof toegeswaai met die woorde: "Hemel, watter vroue het hierdie Christene nie!"

Johannes is op agttienjarige leeftyd gedoop en het 'n leser in die kerk geword. Sy toegewydheid aan asketiese gebruike, o.m. twee jaar se afsondering in 'n grot in die berge, het sy gesondheid geknak. Hy het na die stad teruggekeer en is in 381 as diaken en in 386 as ouderling georden. Vanaf 386 het hy in die hoofkerk in Antiochië gepreek en vir hom naam gemaak as prediker.

In 397 is Johannes teen sy sin as biskop van Konstantinopel aangewys, en hy is in 398 ingehuldig. Hy het nie die temperament gehad om die intriges en die druk van Konstantinopel te verwerk nie. Sy pogings om die morele klimaat van die hoofstad te verhoog, het sterk teenkanting ontlok. Sy vyande het teen hom saamgespan: die keiserin Eudoxia, wat te na gekom is deur sy aanvalle op misdrywe in hoë kringe; plaaslike geestelikes wat hom as te streng beskou het; en Theofilus, patriarg van Alexandrië, wat jaloers was op hom. Johannes is in 403 by die sg. "Sinode van die Eik" onttroon. Die keiser het dié besluit gesteun en hom verban. Die mense van Konstantinopel het egter in opstand gekom en hul biskop gesteun, sodat die keiser verplig was om die verbanning die volgende dag te herroep.

Johannes se moedige maar ontaktvolle prediking het Eudoxia weer kwaad gemaak, en sy vyande het opnuut probeer om hom verban te kry. Die keiser het hom opdrag gegee om sy amptelike kerkpligte te laat vaar, maar hy het geweier. Terwyl hy kategete vir die doop byeengebring het, is hy deur soldate uit die kerk verdryf. Hierdie ballingskap (404) het met sy dood in 407 geëindig.


Johannes Chrysostomus word vir sy moed en vroomheid geëer. Vanaf die 6de eeu was hy bekend as die "Goue mond", want hy was 'n meesterlike prediker. Sy insig in die betekenis van die Griekse Bybel en die bedrewe wyse waarop hy dit aan sy hoorders oorgedra het, is die blywende bydrae van sy honderde preke wat behoue gebly het.


"

**Herodias tier opnuut, sy dans weer, sy eis weer Johannes se kop op 'n skottel.**

"

Johannes Chrysostomus val die keiserin Eudoxia van die preekstoel af aan.




Calvary
On the first century A.C.
It was just a rocky
denivellation outside the town
The Slope
Demolished on the fourth
century in order to build the church
Inhumation Chamber
Current Church
Alleged Site of
Christ's Tomb
Golgotha's Rock

